# Openbaring 6

Bybelstudie 4

1

| 141: Wie was die gelowige wat 100 van die Here se profete weggesteek het? | | | |
|---|---|---|---|
| Nahum | Abia | Semaja | Obadja |

| 142: Watter boek sê gereeld: "God is liefde"? | | | |
|---|---|---|---|
| Kolossense | Titus | Filemon | 1 Johannes |

| 143: Die losser het dit uitgetrek as teken dat hy nie met Rut wou trou nie. | | | |
|---|---|---|---|
| Bokleed | Onderkleed | Gordel | Skoen |

| 144: In watter dorp is die vrou van 'n Leviet verkrag en doodgemartel? | | | |
|---|---|---|---|
| Gibea | Gilead | Gilgal | Gerar |

| 145: In Openbaring: wat het gebeur toe die eerste engel op die trompet geblaas het? | | | |
|---|---|---|---|
| Hael en vuur | Aardbewing | Vloede | Sterre verduister |

| 146: Moses se moeder: | | | |
|---|---|---|---|
| Eliseba | Miriam | Jogebed | Sifra |

| 147: Hoeveel diere het Moses in die ark geneem? | | | |
|---|---|---|---|
| Twee van elk | Sewe van elk | Dit het afgehang van die soort dier | Geen |

2

| 141: Wie was die gelowige wat 100 van die Here se profete weggesteek het? | | | |
|---|---|---|---|
| Nahum | Abia | Semaja | D: 1 Konings 18:4 |

| 142: Watter boek sê gereeld: "God is liefde"? | | | |
|---|---|---|---|
| Kolossense | Titus | Filemon | D: 1 Johannes 4:16 |

| 143: Die losser het dit uitgetrek as teken dat hy nie met Rut wou trou nie. | | | |
|---|---|---|---|
| Bokleed | Onderkleed | Gordel | D: Rut 4:8 |

| 144: In watter dorp is die vrou van 'n Leviet verkrag en doodgemartel? | | | |
|---|---|---|---|
| A: Rigters 20:5 | Gilead | Gilgal | Gerar |

| 145: In Openbaring: wat het gebeur toe die eerste engel op die trompet geblaas het? | | | |
|---|---|---|---|
| A: Openbaring 8:7 | Aardbewing | Vloede | Sterre verduister |

| 146: Moses se moeder: | | | |
|---|---|---|---|
| Eliseba | Miriam | C: Numeri 26:59 | Sifra |

| 147: Hoeveel diere het Moses in die ark geneem? | | | |
|---|---|---|---|
| Twee van elk | Sewe van elk | Dit het afgehang van die soort dier | Geen D: Noag was in die ark! |

3

## 1. Wat is die betekenis van die wit perd?

Ek het gesien: daar was 'n wit perd. Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oorwinnaarskroon is aan hom gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin.

Oorwinnaarskroon – verder oorwin
Openbaring 19:11 - Daar was 'n wit perd. Sy Ruiter word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog.

Perd - oorlogsdier.
Daar is reeds oorwinnings.

Openbaring 19:16 - Op sy klere, by sy heupe, was daar 'n Naam geskrywe: "Die Koning van die konings en die Here van die heersers."
Jesus as Getroue, Betroubare. Koning van konings. Here van here.

4

## 2. Wat is sy wapens en wat vermag hy daarmee?

Ek het gesien: daar was 'n wit perd. Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oorwinnaarskroon is aan hom gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin.

2020 – Sy ruiter hou 'n boog vas
1983 - Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad.
1933 - En hy wat daarop sit, het 'n boog

Dus:
- Oorwinnaar oorwin en sal oorwin.
- Boog: instrument om te oorwin – dus predikers
- Pyle: Dit wat gepreek word. Dogma.

Met of sonder pyle?
Oorwinnaar?
Habakuk 3:8, 9: Het die see U woedend gemaak
dat U op u perde gery het,
op die strydwaens waarmee U oorwin? U het u boog uitgehaal
en met 'n eed die opdrag aan die pyle bevestig



## 3. Wat is die betekenis van die rooi perd?

Daar het 'n ander perd, 'n vuurrooie, uitgegaan. Aan sy ruiter is opdrag gegee om die vrede van die aarde af weg te neem, sodat die mense mekaar sal uitmoor. 'n Groot swaard is aan hom gegee.

## 4. Wat is sy wapens en wat vermag hy daarmee?

'n Groot swaard is aan hom gegee. Moordwapen.

## 5. Wat is die betekenis van die swart perd?

"Net een skeppie koring vir 'n dagloon en net drie skeppies gars vir 'n dagloon. Maar moenie die olyfolie en die wyn bederf nie."

Dagloon: minimum om aan die lewe te bly. Lewensnoodsaaklik.

Olyfolie en wyn. Nie noodsaaklik vir oorlewing. Dus: luukses



Dus: noodsaaklik teenoor luukses . Skaal nie gebalanseer.
Sosiale ongelykheid.

## 6. Wat is sy wapens en wat vermag hy daarmee?

Ek het gesien: daar was 'n swart perd. Sy ruiter het 'n skaal in sy hand gehad.

7

## 7. Wat is die betekenis van die vaal perd?

Ek het gesien: daar was 'n vaal perd. Sy ruiter se naam was Die Dood, en die doderyk het agter hom aan gegaan.

## 8. Wat is sy wapens en wat vermag hy daarmee?

Aan hulle is mag oor 'n kwart van die aarde gegee om die mense dood te maak met die swaard en met hongersnood en met pes en deur die wilde diere van die aarde.

Wapens:
- swaard
- hongersnood
- pes
- wilde diere van die aarde.

Wat vermag hy?
kwart van die aarde gegee om die mense dood te maak


8

## 9. Stuur God hierdie rampe oor die aarde? Motiveer u antwoord.

Nee
Die aarde bring dit oor hom / haarself binne die beheer van God
Motivering: Elke keer een van die vierde lewende wesens wat sê: Gaan uit!
Beheer? Lam maak die seël oop.

9

## 10. Waarvan is die "altaar" 'n simbool?



Offer
Bestaan uit 3 komponente:
1. "Tafel" – klip | metaal (koper)
2. Dier | Graan | Mens. Gee lewe
3. Vuur = toorn

Hier – gelowiges doodgemaak twv geloof. Toorn van heidene. het ek onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het

## 11. Mag die Christen om wraak roep (vers 10)? Motiveer

Hulle het hard geroep: "Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?"

Dus: 2x klem op tyd en nie op wraak nie.

10

12. Wat is die verband tussen die hemelliggame en die heersers wanneer die sesde seël oopgemaak word?

Al die belangrike mense het die hemelliggame aanbid en dié moes aan hulle beskerming gee.
As hemelliggame dus val, val hulle beskerming en is hulle kwesbaar.

In die Bybel:

- Josef se droom: son, maan sterre buig voor hom.
- Egiptiese god: Ra – songod.
- Wyse manne sien Jesus se ster as Hy gebore word.

11

13. Vanaf vers 17: wat sien ons van die eindoordeel vanaf hoofstuk 7?

Die groot dag waarop Hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly?"

Die groot dag – Telkens in die Ou Testament teken van God se dag van rekenskap.
Die goddelose sê dit – weet dat daar vir hulle GEEN hulp is nie.

12

14. Wat is die troos/boodskap vir ons in hierdie gedeelte?

Let op die volgende:
- Troos – Christus sal oorwin
- Teken van eindtye duidelik in Rooi, Swart en Vaal perde.
- Realiteit: die uitverkorenes is nog op die aarde – kan ly!
- Goddelose weet hulle gaan veroordeel word.

Skeiding tussen gelowige en ongelowige sigbaar!

13